FEBRUARIE 2016

HSAG KOMMUNIKASIE AAN HS BELEGGERS – REGSKOSTES

Ons kantore het die afgelope tyd heelwat navrae gekry oor hoeveel regskostes hulle nog sal moet betaal ten einde die saak teen Mnr Nic Georgiou en ander te voer. Die antwoord op hierdie stadium is eenvoudig dat, indien elke voornemende Eiser getrou en betyds ‘n verdere finansiële bydrae van R1 000 per sindikasie vir regskostes maak, ons nie vir die volgende twaalf maande weer ‘n opvraging hoef te maak nie.

Die totale omvang van die beleggings in die Highveld Syndication maatskappye 15-22 beloop meer as R4.6 miljard. Die saak is ingewikkeld en omvangryk en ten einde die eise van 12 000 voornemende eisers suksesvol te voer word aansienlike hulpmiddels en samewerking van almal benodig. Dit is immers die voornemende eisers en beleggers se sake wat ons ondersteun en verteenwoordig!

Beleggers het onlangs begin om state te ontvang vir ‘n bydrae tot regskostes in die HSAG se klas-aksie, verwante hofsake en aangeleenthede.

Ons wens gevolglik as volg te berig.

1. Alle opvragings wat sedert die aanvang van hierdie saak, 18 maande gelede (aan die begin van Augustus 2014 tot en met einde Januarie 2016), vanaf beleggers gemaak was, was vir registrasiekostes.

2. Die registrasie van voornemende eisers is noodsaaklik en word voltooi wanneer ‘n belegger in die Highveld Sindikasie maatskappye aandui dat hy/sy/dit die voorgenome klas-aksie

wil ondersteun en sy/haar registrasiekostes ten volle betaal het.

3. Die databasis wat daardeur geskep en opdateer word, bevat belangrike inligting van voornemende eisers en lede van die HSAG wat noodsaaklik is vir die instel van ‘n klas-aksie. Die HSAG het egter nie ‘n volledige lys van alle voornemende eisers in die Highveld Sindikasie maatskapye nie en word kommunikasie met hulle bemoeilik omdat geen inligting daaromtrent vanaf die besigheidsreddingpraktisyn, Mnr Hans Klopper, en die Ontvanger, Mnr Derek Cohen, ontvang is nie.

4. Die registrasieproses word daarby ernstig vertraag omdat ‘n groot aantal voornemende eisers nie hul volle registrasiekostes eenmalig betaal het nie en sommige persone het ‘n afbetaling daarvan versoek. Daar was ook onvoorsiene regsgedinge (soos per die tydlyn op die webtuiste) wat die kostes en uitgawes aansienlik verhoog het.

5. ‘n Boodskap was aanvanklik deur individue versprei dat ‘n bydrae van slegs R200 per belegger voldoende sou wees. Hierdie boodskap is verkeerd en nie in ooreenstemming met die amptelike webblad nie. Alle amptelike kennisgewings verskyn op die HSAG webblad.by www.hsaction.co.za.

6. Dit was met aanvang van die verrigtinge in 2014 in die vooruitsig gestel dat, indien alle beleggers hul volle registrasiekoste (van R1 000 destyds) sou betaal, ons vir ‘n jaar of twee (of selfs meer) nie nodig sou hê om opvragings (betalings) te versoek nie. (Sien FAQ’s/VDG’s No. 13 op webtuiste).

7. Die registrasiekostes het tot dusver beide administrasie- en regskostes gedek. Uit die tydlyn en hofstukke wat tot beskikking van die voornemende eisers gestel is, is dit egter duidelik dat die hofsake nie alleen ingewikkeld is nie, maar ook ontwikkel het en omvangryk is met vele fasette (sien onder andere die dokumente wat op die webtuiste geplaas is).

8. Die teenkant probeer met alle moontlike tegniese punte en taktiek om die saak uit te rek sodat die saak nie vinnig aangehoor word nie.

9. Op 27 Januarie 2016 het die prokureurs van Orthotouch en Mnr Derek Pedoe Cohen aangedring dat die HSAG Applikante binne 10 (tien) dae ‘n bedrag van R1.5 miljoen in ‘n onafhanklike prokureurstrusrekening inbetaal, alternatiewelik ‘n bankwaarborg lewer, vir die sekuriteit van koste vir die saak. Dit is m.a.w. geld uit beleggers se bydraes.

10. **Bogenoemde, asook al die ander hofsake en verwante aangeleenthede gedurende die afgelope 18 maande het tot gevolg dat ons nou ‘n opvraging doen vir regskostes. Sake van hierdie aard neem aansienlike tyd en kostes in beslag en is ‘n bydrae van R1 000 per sindikasie ‘n spreekwoorde-like druppel in die emmer van die totale en eise en beskermbare belang, wat letterlik miljarde rande beloop.**

11. **Indien die voornemende eisers nie hul bydrae tot koste maak nie sal dit ongelukkig noodwendig beteken dat die hofsaak nie kan voortgaan en aangehoor kan word nie.**

12. **Die volgende hofdatum, soos dit op die tydlyn verskyn, is 15 Maart 2016.**

Ons wil gevolglik ‘n <u>dringende beroep</u> op alle voornemende eisers doen om hul samewerking en ondersteuning in die verband te gee. Ons firma en advokatuur glo dat die voornemende eisers, op grond van die inligting huidig tot ons beskikking, baie verdienstelike sake het. <u>Ons moet egter ons kliënte daarvan deeglik daarvan bewus maak dat die teenkant eweneens ‘n aansienlike belang het om die miljarde rande wat die onderwerp van die gedinge vorm, te beskerm</u> en dat hulle geen steen onaangeraak sal laat ten einde die sake teen hulle te staan nie.

Dit het onder ons aandag gekom dat Mnr Derek Pedoe Cohen (volgens instruksies uit die pen van Mnr Connie Myburg) by wyse van skrywes desperaat poog om die voornemende eisers te ontmoedig om bydraes en donasies tot die klas-aksie te maak (omdat dit kwansuis onwettig sou wees). Voormelde is loutere onsin en ‘n duidelike poging om kliënte te verhinder om hul sake voor ‘n ope hof te bring. Orthotouch is tans ook besig om sekere sleutelspelers van die klas-aksie met buitensporige kontant aanbiedings af te rokkel ten einde sodoende die spoed van die klas-aksie te stuit. Almal kan egter gerus en tevrede wees dat niemand verhewe en belangriker as die klas-aksie is nie en gaan die proses met of sonder sodanige persone voort.

Voornemende eisers moet daarop bedag wees dat daar sekere persone (verál op sosiale media) is wat alles sal doen (en betaal word) om die klas-aksie, sy ondersteuners, ons bestuur en regspan te diskrediteer en te verdeel.

Weens die groot volume werk en aantal persone na wie inligting en e-posse uitgestuur moet word, het ons gedurende Januarie 2016 begin om state uit te stuur vir opvragings van regskostes vanaf die voornemende eisers ten bedrae van R1 000.00 per sindikasie waarin belê is.

Let wel dat ons nie voorheen bydraes tot regskostes gevra het nie, maar slegs registrasiekostes.

Indien u enige navrae het is u welkom om met ons kantore te skakel.

Ons dra u saak op die hart en kan u verseker wees van ons ongekwalifiseerde ondersteuning en lojaliteit.

Vriendelike groete

THERON & VENNOTE
STELLENBOSCH